

## **DAVID ENGELA**

My naam is David Johann ENGELA. Gebore in Pretoria in die Ou 1 Militêre Hospitaal op 22 Februarie 1967 en is 53 jaar oud. Ek het groot geword in Devon, Pietersburg en Pretoria; gematrikuleer aan die Afrikaans Hoër Seunskool in 1984; daarna aangesluit by die Suid-Afrikaanse Lugmag; en studeer by die Technikon Pretoria waar ek 'n graad in Aankopebestuur behaal. Ek is getroud met Ilona, 'n nooi REDELINGHUYS, en ons het vier kinders, Evadne (22), Thomas-Willem (21), Kyla (20) en Deon (14).

My groot liefde, behalwe my vrou en kinders, is geskiedenis. My belangstelling in Genealogie spruit daaruit en my ouma, aan moederskant, en my ma, alhoewel reeds oorlede, het my geïnspireer om in 2018 met my navorsing te begin.